# 19 April - GEES

**Skrifgedeelte: Johannes 4**
**Fokusgedeelte: Johannes 4:21-26**

Hierdie woorde van Jesus aan die Samaritaanse vrou by die put naby Sigar, "God is Gees", is uniek. Tog wys Jesus hiermee dat God nie 'n stoflike wese is wat gevolglik aan 'n bepaalde plek gebonde is nie. God is 'n geestelike wese, daarom kan Hy alomteenwoordig wees en oral aanbid word – waar twee of drie in sy Naam vergader, daar is Hy met hulle.

Die gees van die mens word vernuwe deur die vernuwing wat Jesus Christus bring, en staan onder beheer van die Heilige Gees. Dit is ook die Heilige Gees wat ons tot gebed beweeg en ons leer wat om te bid volgens Romeine 8:26. Daarom volg daar: ... en die wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en waarheid aanbid. Dus: om met Hom waarlik in gemeenskap te tree, moet elke gelowige deur die Gees aanbid.

Die vrou aanvaar Jesus se uitspraak met voorbehoud. Daar staan in die profesie dat wanneer daardie beloofde Messias sal kom, Hy hulle "alles sal leer" en vir haar sal die woorde van die Messias finaal wees. Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."

Op hierdie hoogtepunt eindig die gesprek, maar sy word 'n getuie vir Jesus ... Sy bring die dorp se mense tot geloof in Jesus. Die oorvloedige vrug op die gesprek met die vrou is dadelik sigbaar. Mense stroom op grond van haar getuienis na Jesus.

Hoeveel keer het die Here nie al met ons gepraat deur sy Woord en Gees nie? Met die vrou hier in Sigar net hierdie enkele keer.

Watter getuienis het daar die afgelope jaar of jare van ons af uitgegaan na ons gemeenskappe?

*Ds DF Coetzee (Piet Retief)*